

1 Johannes 5:1-4 Jubilate, 17 April 2016

Elkeen wat glo, dat Jesus die Christus is, is uit God gebore; en elkeen wat vir die Vader liefhet, het ook die ander lief wat kindes van die Vader is. Hiëraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons vir God lief het en sy gebooie onderhou / gehoorsaam is aan sy gebooie. Die liefde vir God bestaan dan darin dat ons sy gebooie gehoorsaam. Sy gebooie is ook nie moeilik om te gehoorsaam nie, want enigeen wat 'n kind van God is, kan die sondige wêreld oorwin. En die oorwinning wat ons oor die wêreld behaal het, is deur ons geloof (geloof oorwin). Wie anders is dit wat die wêreld oorwin het as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?

Liewe gemeente,

Johannes skryf dat ons God se gebooie gehoorsaam sal wees - en hy verbind dit met oorwinning oor die sondige wêreld, en wie anders het die wêreld oorwin as die persoon wat glo.

Nou, ek moes mooi dink om die kloutjie by die oortjie te kry, hoe die dinge in verband met mekaar staan. En miskien is my invalshoek vandag nou ietwas gewaagd om te probeer verduidelik wat aangaan. Daarom die eerste vraag: hoe hou ons mense verantwoordelik. En tweedens: wat is die woord van waarheid?

I

Wil ons nie graag dat mense doen wat hulle behoort te doen sodat die lewe kan aangaan: die elektrisiteit moet vloei, watervoorsiening moet in plek wees, sanitasie moet gereeld gediens word. Ons wil nie altyd agter ons tuinhulp kyk nie en nog minder na ons huishulp of sy nie dalk doekkies draai nie. Ons sou graag sien dat nie net regeringsamtenare hul' verpligting nakom nie maar ook die verkoops dame agter die toonbank. Ons verwag dat die eggenoot sy kant bring en ons tienerkinders gehoorsaam sal wees.

En toe hoor ek 'n baie interessante toespraak: how do you hold your teenagers accountable? Die spreker skets toe die situasie van 'n rebellse tienerseun - kom ons noem hom Danny - wat bekend was dat hy onlangs begin het om dagga te stook. Op 'n dag polter Danny toe ook die klas binne en plaas sy voete op die lessenaar en begin grappies maak. Toe die onderwyser inkom en hom versoek om asseblief oordentlik te gaan sit want hy wil met die klas begin, reageer die seun met allerhande "f"-woorde en tekens. En die spreker vra toe: hoe sou jy reageer? Dis opsigtelike konfrontasie; enige iemand is geneig om met die sjambok vir die rebell 'n les of twee te leer, nie waar nie? (As die wet dit sou toelaat; die wet laat dit egter deesdae nie meer toe nie en baie onderwysers blyk hulpeloos aan die uittarting van tieners uitgelewer te wees)

Uiteindelik beland Danny toe voor die skoolhoof; en Danny verwag dat óf die lefiëte aan hom voorgelees sal word óf nog 'n amtelike waarskuwing sal kom óf maar net nog 'n straf uitgedeel sal word. So hy vou hy twee arms styf voor sy bors en is gereed vir die storm. Teen verwagting vra die skoolhoof eenvoudig: "Hoe gaan dit Danny? Op 'n skaal van 10, hoe sou jy jou stressvlakke beoordeel?" Danny is ietwat uit die veld geslaan en murmer, so om-en-by 9 uit 10. "Dit moet vir jou baie moeilik wees om met hierdie geweldige spanning om te gaan, nie waar nie? Sal bereid wees om vir my te deel hoe dit gebeur het?"

Om 'n lang storie kort te maak, die skoolhoof het dit reggekry dat Danny vir 'n halfuur uitgepak het, hoe hierdie sy derde skool was nadat hy in pleegsorg van sy ouma geplaas is. En drie maande gelede het die huis aan die brand geslaan; terwyl die ouma en hy geslaag het om die vlamme te ontkom, het sy suster dit nie gemaak nie. Daarby het hy ook gehoor dat sy ander halfsuster by 'n ander pleeghuis deur die man gewelddadig aangerand is sodat sy aan haar beserings beswyk het - en hy was nie daar om haar te beskerm nie.

Die skoolhoof antwoord toe: "Danny, ek kan my nie verbeeld hoe verskriklik swaar dit op jou gewete moet lê nie, hoe jy dit enigsins moontlik was om met die verlies te leef. As ek vir jou hulp aanbied om op 'n ander manier met die spanning om te gaan, sal jy dit aanvaar?" En Danny het

ingestem. Hy's toe vir drie dae "geskors" maar intussen is hy na 'n goeie rehabilitasie-sentrum toe, en die spreker vertel dat die seun 'n redelike gedaante verwisseling ondergaan het.

En die spreker maak toe die slotopmerking: how do you hold anybody accountable? Answer: don't! Moenie, want - en nou kom die eerste les uit hierdie verhaal: want, verantwoording skeep angs. Angs maak dat die mens wegvlug of veg. Maar ons verstaan wat se soort verantwoording hier van gepraat word: verantwoording gepaardgaande met dreigemente en die moontlikheid van straf. Ons ken die tegnieke van óf vlug óf veg uit ons koerante wanneer politici droog maak en hulle hul' werk kwyt kan raak - dis óf wegsteek, verdoesels, verskonings, óf teenaanvalle, teenbeskuldigings. Ag, ons ken dit uit ons eie lewens wanneer ons verantwoording moet doen.

Daarteenoor is daar 'n ander manier van verantwoording doen - in die atmosfeer van veiligheid. Wat is die eerste stap wat die skoolhoof teenoor Danny gedoen het? Antwoord: hy het vir Danny veilig laat voel en vir hom te kenne gegee: ons is saam in hierdie ding; ek wil hoor, ek wil verstaan. Eers in die ruimte van aanvaarding kon Danny oopmaak en sy verhaal deel. En daarna het die duidelike aanbod van hulp en bystand gevolg - wat Danny toe kon aanvaar van iemand wat omgee, wat empatie getoon het. Danny kon die uitreikende hand aanvaar omdat sy verhaal met respek en eerbied gehanteer was, al was dit 'n lelike verhaal.

In hierdie verhaal is die wet en voorskrifte geensins opsy gestoot nie. Nee, Danny het drie dae skorsing gekry maar hy kon dit met 'n heeltemal ander gemoedstoestand aanvaar; hy het die geleentheid gebruik en later getuig dat hy agter gekom het, watse onsaglike skade hy aan ander aangerig het met sy dwelmgebruik en rebelse optrede. Danny kon sy skoolloopbaan suksesvol afsluit en het vir homself realistiese doelstellings gestel, 'n praktiese na-skoolse opleiding gevolg sodat hy 'n vaste werk kon kry (anders as so baie ander voorbeelde binne die dwelmkring van pelle).

Binne die atmosfeer van veiligheid, kan die waarheid deurdring. En wanneer die waarheid deurgedring het, kan die empatie teenoor ander opbloei. En wanneer empatie teenoor ander groei, gedy verantwoordelikheid.

Dit was nou 'n lang inleiding maar dit blyk vir my presies wat God gedoen het. God vereis verantwoording om sy gebooie ten volle te onderhou ... anders dreig straf en veroordeling! En het die mens, ek en jy, toe met op arms in gehoorsaamheid die gebooie gevolg? Allermens nee: ons kruip weg, ons het verskonings, ons raak rebellies, ons begin om God te beskuldig, ons raak vyandig.

En dan leer ons God in Jesus op 'n nuwe manier ken (God was al in die Ou Testament lankmoedig en genadig maar sy straf en korrektiewe optrede het op die voorgrond gestaan). Nou in Jesus ontmoet ons God in sy oneindige liefde. In Jesus wil God gee; Hy wil ons lewe bewaar en bevorder; Hy wil ons die sondes vergewe en ons in alle geregtigheid lei (geregtigheid = dit wat reg is). Sien ons dat in die teenwoordigheid van Jesus nou hierdie genadevolle, liefdevolle atmosfeer geskep het. In Jesus het God deelgeneem aan ons menslike lewe - Hy verstaan; Hy weet van alle menslike swakhede en versoekinge; Jesus ken die pad van lyding en swaarkry. Daar's nie 'n enkele menslike ervaring wat Hy nie aan sy eie liggaam deurgely het nie; Hy het volle empatie. Maar meer nog: dit is Hy wat ook heil en verlossing gebring het. Aan die kruis het Hy vir alle sondes geboet. Nee, daar's nie 'n enkele sonde wat hy sommer vergeet of toesmeer nie - Hy het daarvoor geboet. Die prys is betaal; die rekening vereffen sodat ons vry en sonder blaam voor Hom mag staan. En Hy is ook die terapeut wat ons nou bystaan om te doen wat reg is.

Die groot uitnodiging waarvan Johannes skryf is: Jy's veilig in Jesus, bely jou sondes, word vergewe en doen nou ook wat Jesus in jou bewerstellig. Hiëraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons vir God lief het en gehoorsaam is aan sy gebooie.

In my eie woorde skyf Johannes: ek glo nie, julle wat kinders van God is, sal julle weldoener wil teleurstel nie; julle is té lief vir God om nie meer na Hom te luister nie. Julle liefde teenoor God sal mos outomaties vertaal in die liefde teenoor jou medemens.

En as dit tog sou gebeur dat julle agterkom, julle het droog gemaak, weer 'n lelike woord teenoor jou eggenoot of medemens laat uitglip, en julle weet dat julle ander seergemaak het, dan weet julle mos dat die Heilige Gees julle tot insig lei, om vergifnis te aanvaar; dan luister ook hoe die Gees julle dryf om empatie te toon, om dinge reg te maak ... om die gebooie te gehoorsaam.

II

Nou nog kortliks: **die Woord van waarheid.**

Ons kan bogenoemde gerus in kontras stel met alles wat ons andersins hoor. Bv ons edele agbare premier, toe die hofuitspraak gelewer is dat hy wel die geld vir “instandhouding” by sy privaatwoning moet terug betaal, was sy antwoord: hy vra om verskoning, omdat hy gebrekkig ingelig was (“ill advised”). Nou weereens, ons kan 'n bietjie glimlag want dit lyk soos net nog 'n vlou verskoning, maar hoe dikwels volg ons gebrekking voorstellinge van wat is reg?

Johannes gaan in sy brief in teenoor diegene wat die gemeente valse indrukke gee. Hy praat van dwaallerars - dis mense binne die gemeente wat ander op die dwaalspoor lei. En spesifiek gaan dit oor die voorstelling van **wie is Jesus Christus?** En om die vergrootglas nog meer in te fokus gaan dit oor **die opstanding van die liggaam.** Plek en tyd sal dit nou nie toelaat dat ek alles van hierdie dwaaleraars (Gnosis) sal kan verduidelik. Kortweg sê die ander siening: Daar is die Christus - dit is God; Hy het in mensgestalte gekom - dit is Jesus. So, binne in hierdie Jesus was die Christus-gees wat vir mense die regte pad van verligting gewys het. Maar dan het hierdie Christus-gees vir Jesus verlaat. Die laaste lydingspad, kruising en dood was slegs die mens Jesus. Christus was lank al weg in die hemel toe Jesus gekruisig was, want God kan nie sterf nie. Daar aan die kruis was slegs die dop, die hulsel, die menselike gestalte, die voertuig wat die Christus-gees vir 'n rukkie gebruik het, maar dan gou-gou agtergelaat het.

Hierdie dwallerars gaan voort om te sê: julle moet dus luister wat die Christus-gees verkondig het!; vergeet maar van die kruis en die graf en die opstanding - dis alles net onbenullighede van die dop (wat ons Jesus noem).

Wat sou die gevolg wees as ons hierdie voorstelling sou volg?

Antwoord: Eerstens sou ons 'n onlogiese en vreemde onderskeid moet tref tussen *Christus as God*, en *Jesus as die mens* - daar is die gees, en daar is die biologiese mens.

Tweedens sou ons met sonde, dood en verdoemenis nie erns maak nie want die Skrif verkondig dat die één God-mens Jesus Christus, alle sondes aan sy eie liggaam gedra het en aan die kruis daarvoor geboet het. God se oordeel oor die mensdom was ook liggaamlik, fisies; die dood is liggaamlik. En net so-ook is die opstanding van die één God-mens Jesus Christus fisies, liggaamlik. Maw ook die verlossing en die heil van God is liggaamlik.

En nou die groot insig vir die gemeente: As God erns gemaak het met sonde, dood en verdoemenis - wat ervaarbaar, liggaamlik is, **dan is ook die heil van God sigbaar, liggaamlik.**

Wanneer ons nou praat van die liefde teenoor God, dan praat ons ook van die liggaamlike, ervaarbare liefde.

Dwalleraars - en dit is so dikwels by ons in die gedagtes vasgepen - beweer: jy hoef net aan God te glo, en niks te doen nie. Dwalleraars sê: jy kan maar slegs op Sondagoggende 'n preek op die radio luister en vir jouself die Bybel lees en op jou eie lief wees vir God - dis alles net in jou kop, dis “net” geloof. Nee, verduidelik Johannes, die heil van God is ook fisies, liggaamlik. Hoe kan jy sê: jy's lief vir God, maar gee nie 'n duit om vir jou medemens nie?! Hoe kan jy beweer: jy luister na

die Gees, maar leef nie in gehoorsaamheid teenoor sy geboorte nie?! Jy vergeestelik die geloof en verag die wêreld? SÓ, liewe gemeente, mag dit nie wees onder julle nie.

En ons? Is ons gevrywaar van agterloosigheid of verwaarlosing van die liggaam? Ons praat mos aanhoudend in die kerkraad en op gemeentevergaderings van een of ander aksie, sodat ons ook binne ons gemeenskap van die genade en vreugde in Christus kan getuig, nie waar nie? Waarom doen ons dit? Om aan die Evangelie gestalte te gee! **Om die Evangelie te beliggaam**, om dit sigbaar te maak, lewendige werklikheid.

En daarom beklemtoon Johannes dit herhaaldelik; en ons roep dit herhaaldelik uit: **Deur ons geloof, wat aan ons gegee is, deur die oorwinning van Jesus, word die wêreld oorwin**. Deur ons verbondenheid met Jesus Christus word ons gevoelens oorwin, word versoekinge weerstaan, word ons akief betrokke om die wêreld te genees, deur dat ons mekaar lief het. As julle mekaar liefhet, dan weet julle, dat God besig is om deur julle te werk.

Christus is julle liefde. Hy woon in julle. Mag ek dit ietwat oordrewe stel: julle word nou Christus se liggaam. In die geloofseenheid met Christus is dit waarlik nie moeilik om sy geboorte na te kom nie. Deur julle liefde sal die wêreld Christus erken.

Wat 'n voorreg! Wat 'n opdrag! Wat 'n drama. Die dood is oorwin! Die onverganklike lewe is aan die lig gebring! Liewe gemeente, dan wees nou ook lig van wêreld. Amen.

Mag die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, julle harte en gedagtes bewaar in Christus Jesus, onse Here. Amen.